LAERSKOOL GOEDEHOOP

Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 12/2026

Mnr Gawie sê sy sê...Here, Here

"Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is." - 2 Korintiërs 3:18. Na die uitstorting van die Heilige Gees het ons as Christene die voorreg om die beeld van God te vertoon aan ander. Ons het nie net die voorreg nie, dit is ook ons verantwoordelikheid. Wanneer ons Christus aangeneem het is dit nie meer ons wat leef nie, maar Christus wat in ons leef. God is Heilig en ons moet ook streef na heiligheid in die manier wat ons optree. Ons almal gaan eendag voor die regterstoel van God staan. Hierdie maak my soms bang, ons lees in Mattheus 7: 21 – 23 - "Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. Baie sal daardie dag vir My sê: 'Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bose geeste uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?' Dan sal Ek openlik vir hulle sê: "Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree." Ons besef deur Christus staan ons onder die genade van God, maar God is ook duidelik, Sy heiligheid is nie onderhandelbaar nie. Om by Sy heiligdom te mag ingaan, moet ons Christus weerspieël.

Goegieland

Baie welkom terug by kwartaal 2! Dit beloof om 'n besige kwartaal te wees – drink maar sommer julle vitamiene! Met die herfsweer wat intree, vra ons asseblief dat maats soggens 'n warm top aantrek. Ons sal dit uittrek en bêre soos dit warmer raak deur die dag. Baie dankie vir almal se deelname aan Karnavaldag. Dit was kleurvol, kreatief en vol pret!

13 APRIL 2026 - OUERAAND IN SKOOLSAAL: Na afloop van die oueraand is ouers welkom om afsprake met Juffrou te maak indien nodig. Wees asseblief ook op die uitkyk vir 'n uitnodiging in u kind se kletsboek.

22 APRIL 2026 - GR. 000 & 00 INDIVIDUELE FOTODAG: Meer inligting oor kleure en temas sal nader aan die tyd deurgegee word.

23 APRIL 2026 - GR. 0 INDIVIDUELE FOTODAG: Meer inligting oor kleure en temas sal nader aan die tyd deurgegee word.

Baie dankie vir julle samewerking en ondersteuning. Ons sien uit na nog 'n wonderlike kwartaal saam met ons Goegies.

Groete uit Goegieland

Week se Program

13 April 2026

- **Oueraand Gr. 000 tot 3 om 17:30**

14 April 2026

- **Rugby & Netbal Super 12 Uitspele**

15 April 2026

- **Oueraand Gr. 4 tot 7 om 17:30**

16 April 2026

- **Netballiga o/10 tot o/13 A & B vs Laerskool Standerton**

17 April 2026

- **Dans Werkswinkel**
- **Landsdiens Klubkamp Gr. 2 tot 7**

18 April 2026

- **Netbal Finale Distriksproewe**

17 tot 18 April 2026

- **Rugby Gert Sibande Streeksproewe**

Nuwe Kwartaal

Die kwartaal het begin en ons sien met opgewondenheid uit na dit wat die kwartaal ons kan bied. Die sukses van ons kwartaal sal in 'n groot mate bepaal word hoe ons die kwartaal begin en die gesindheid waarmee ons die kwartaal aanpak. Om positief te wees is 'n keuse, en so ook negatiwiteit. Ons kan soos bederfde kinders wees en kla oor enige ongemaklikheid of ons kan die keuse maak om die mooi in klein oorwinnings rondom ons raak te sien. Sukses word nie net aan die einde van 'n tydperk gemeet nie. Sukses word ook gemeet in die proses. Laat ons hierdie kwartaal die besluit neem om die proses te ondersteun. Maak seker ons werk elke week en doen ons deel, kyk dat elke week se doelwitte bereik word. Wanneer ons dit doen, is die einde van die kwartaal makliker, of dit nou eksamens is, of uitspele. Die proses is reg gevolg, nou kan ons die vrug van die harde werk in die kwartaal geniet. Dit is u as ouer se verantwoordelikheid om die kwartaalprogram deeglik te bestudeer sodat u bewus is van wat die kwartaal gaan volg. Indien daar enige onduidelikhede is, kommunikeer vroegtydig sodat ons hierdie onduidelikheid kan aanspreek.

Uitnodiging aan alle ouers

Kom woon gerus 'n insiggewende en praktiese praatjie by deur

Danile Neethling

spraakterapeut

Hierdie is 'n wonderlike geleentheid om meer te leer oor jou kind se taalontwikkeling en hoe jy hulle tuis kan ondersteun

Datum: 13 April 2026

Plek: L/S Goedehoop saal

Tyd: 17:30 – 18:00

Kom luister saam, leer saam en bou saam aan ons kinders se kommunikasievaardighede

Ons sien uit om julle daar te hé!

Netbaltoer

Vanaf 26 tot 28 Maart 2026 het ons o/11B- tot o/13B-spanne aan die Noord-Suid Netbaltoernooi by Laerskool Tygerpoort deelgeneem. Die dogters het besonderse karakter en moed getoon en nie teruggedeins vir die groter skole nie. Hulle deursettingsvermoë het gehelp om selfvertroue te bou, terwyl waardevolle spangees en samewerking verder ontwikkel is. Ons o/11A- tot o/13A-spanne het vanaf 31 Maart 2026 tot 4 April 2026 die Menlo-toernooi bygewoon. Elke span het altesaam 10 tot 11 wedstryde gespeel. Ons het teen skole meegeding wat byna dubbel ons grootte is, en tog het ons spelers gewys dat harde werk, dissipline en vasberadenheid enige uitdaging kan oorkom. In verskeie wedstryde het ons selfs daarin geslaag om vir hierdie skole waardevolle lesse te leer. Vir ons gaan netbal nie net oor wen of verloor nie, maar oor die vorming van karakter, die ontwikkeling van deursettingsvermoë en die kweek van lewensvaardighede wat veel verder strek as die baan. Ons wil graag elke ouer opreg bedank vir die geleentheid wat u aan u dogter bied. Ons besef dat hierdie toere 'n groot finansiële opoffering verg, en ons waardeer u ondersteuning en vertroue opreg. Ons glo vas dat al hierdie ervaring, groei en blootstelling die grondslag lê vir groot dinge. 2026 gaan ons jaar wees!

Netbal Gert Sibande – 1ste Rondte

Op 7 April 2026 het ons 0/12A- en 0/13A-spanne aan die Gert Sibande-netbal se eerste rondte deelgeneem. Dit was 'n lang dag vol opwinding, en die senuwees was beslis teenwoordig, maar ons dogters het met deursettingsvermoë en mooi spangees gespeel. Ons is ongelooflik trots op elke speler se harde werk en toewyding. Baie geluk aan die volgende dogters wat deurgedring het na die 2de rondte:

o/12A-Dogters
Telisha Muller
Renesmè Becker
Estelle Symington
Emma du Plessis
Linay Hartzer
Manny Neto
Lumè Storm

o/13-Dogters
Monique du Plessis
Mikayla Smit
Chaelyn Amsterdam
Mieke Bam

Baie geluk, dogters! Baie sterkte vir die 2de rondte — ons staan trots agter julle!

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

Goedehoop-Groete
Mnr Gawie van Niekerk
Prinsipaal

13 Apr	14 Apr	15 Apr	16 Apr	17 Apr	18 Apr	19 Apr
	Rohan Bos Erik du Plessis Rayelle Bosch Sian Jacobs	Monia-Lii Botha Gabriella Matthee Luvan Lessing Donna-Lee Botha Deané Jonker	Nardus Pieterse Renesmé Becker Jason Scholtz Lea Cronje Liam van Dyk		Kelly Rheeder Alizia v Straaten Liebe Reinecke Angelique v Huyssteen	Henk J v Rensburg